Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 28

23 Augustus 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig Anné Smuts in graad 5SW en Liandi Smuts in graad 1B en hul familie met die heengaan van hul oupa hierdie week. Mag hulle as familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

MOUNT PLEASANT-SPORTDAG
Baie dankie aan almal wat meegehelp het om hierdie sportdag so 'n groot sukses te maak! Dit sluit al die personeel, afrigters, ouers en die spelers in. Ons spanne kon weer die geleentheid kry om wedstryde te speel.

GESINSKAMP 30 AUGUSTUS – 1 SEPTEMBER 2024
Ons is baie opgewonde oor die gesinskamp wat by Willows gaan plaasvind. **Daar is nog 'n aantal staanplekke beskikbaar. Soos u dan inbetaal volgens die voorskrifte op die omsend-brief, kan u 'n staanplek by Mev. Laas kom kies deur 'n epos na haar by fin@lnpark.co.za te stuur.**

VOORKOMS VAN ONS LEERLINGE
Dit het onder my aandag gekom dat sommige van ons leerlinge in die middae gesien word, geklee in skoolklere, maar nie volgens die skoolreëls nie. Onthou asseblief dat so lank 'n kind sy/haar skooldrag aan het, ALLE skoolreëls van toepassing is.

GEBRUIK VAN SOSIALE MEDIA
In die tyd wat ons leef het die gebruik van sosiale media 'n "inding" geword. Ons wil tog ons ouers waarsku teen die gevare daarvan veral vir ons kinders. Eerstens mag kinders onder die ouderdom van dertien nie registreer op facebook nie en nog minder op whatsapp. As enige onaanvaarbare materiaal dus op leerlinge se selfone gekry word gaan die ouers aanspreeklik gehou word.

Kontroleer tog gereeld u kinders se selfone om seker te maak dat daar nie materiaal op is, wat hulle en u aan vervolging kan blootstel nie.

VAKANSIENASORG: SEPTEMBER 2024
Die beheerliggaam het daartoe ingestem dat ons ‘n opname maak om vas te stel hoeveel ouers ‘n daadwerklike behoefte het om tydens die Septembervakansie van ons nasorgdiens gebruik te maak. Dit kan slegs aangebied word indien daar ten minste 10 kinders is wat daarvan gebruik wil maak.

Die voorgestelde tydperk is:

1. Maandag, 23 September 2024 tot Vrydag, 27 September 2024 (4 dae). (Skole sluit Vrydag, 20 September en begin Dinsdag 1 Oktober 2024)
2. U moet asseblief ook onderneem om die nasorgtye nl. 07:15 tot 17:30, stiptelik te eerbiedig.

Die tarief beloop R90 per dag, per kind, en R360 vir 1 kind vir die 4 dae. Die bedrag vir 2 kinders is R670 vir die 4 dae, en is vir die volle tydperk, vooruitbetaalbaar.

Daar is beperkte spasie. Sperdatum vir aansoeke is Vrydag, 13 September 2024.

Indien u graag van die vakansienasorg gebruik wil maak, e-pos Mev. Laas by fin@lnpark.co.za

ONDERSTEUNERSHEMDE
Ons wil al ons ouers aanmoedig om vir u Laerskool Newtonpark-ondersteunershemde aan te skaf. U kan by ons klerewinkel kom aanpas, dan doen ons bestellings.

FACEBOOK-BLAD: SKOOLKLERE
Die facebook-groep, SKOOLKLERE - Laerskool Newtonpark, bestaan steeds en dit is lekker besig daarop. Maak gerus van die gerief gebruik as u van skoolklere wil ontslae raak wat te klein geword het vir u kinders.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebook-blad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

TOELATING 2025: GRAAD 2 – 7
Op Dinsdag, 16 Julie 2024 is daar ‘n brief in verband met bogenoemde aan elke ouer gestuur. Die personeelvoorsiening van Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Ons versoek u om asb. die skeurstrokie, onderaan daardie brief, te voltooi en onverwyld saam met R900 deposito (per kind) skool toe stuur of te EFT om sodoende te verseker dat u kind(ers) ’n plek het.

Die bedrag is voor/op 30 September 2024, betaalbaar. Hierdie bedrag is nie-terugbetaalbaar en sal dien as deel van die eerste betaling op u kind(ers) se skoolgelde vir 2025. Sodra die betaling ontvang word, sal u kind(ers) se inskrywing as afgehandel beskou word.

SKOOLGELDE 2024
Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2024. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **‘n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks <u>streng vooruitbetaalbaar</u>. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan <u>fin@lnpark.co.za</u> stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saam met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 26 Augustus : Klerewinkel: **07:30 tot 12:00**
Diskonto-boekuitstalling : 10:00 tot 15:00

Di – 27 Augustus : Senior Koor : **07:25 tot 08:00**
Diskonto-boekuitstalling : 07:00 tot 13:00
TOETS : NW graad 7
*0/13-Rugbytoer-inligtingsaand om 18:00 in skoolsaal

Wo – 28 Augustus : Junior Koor : **07:30 tot 08:00**
Klerewinkel: **12:00 tot 14:30**
Foto's : Sport en Kultuur
Skaak: LNP Senior teen HH Academy **(t)**

Do – 29 Augustus : Senior Koor : **07:25 tot 08:00**
TOETS : SW Aardrykskunde graad 4 en 6
TOETS : SW Geskiedenis graad 5 en 7
Georgetoer : Rugby 0/13

Vr – 30 Augustus : **BOK-Vrydag**
Klerewinkel: **07:30 tot 12:00**
Junior Koor : **07:30 tot 08:00**
Gesinskamp – Willows
Georgetoer : Rugby 0/13

Sa – 31 Augustus : **Gesinskamp – Willows**
Georgetoer : Rugby 0/13
Laerskool Stulting-sportdag : 0/13A- en B-Netbal (w)

So – 1 September : ***Mnr. Edwin Bottoman verjaar**
Gesinskamp – Willows

SPORT EN KULTUUR

MOUNT PLEASANT SPORTDAG : RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
17 Augustus	0/7A	Mount Pleasant	LNP verloor 2 – 5
17 Augustus	0/8A	Mount Pleasant	LNP verloor 6 – 8
17 Augustus	0/9A	Mount Pleasant	LNP verloor 12 – 46
17 Augustus	0/11A	Mount Pleasant	LNP wen 27 – 5
17 Augustus	0/13A	Mount Pleasant	LNP verloor 7 – 27

MOUNT PLEASANT SPORTDAG : NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
17 Augustus	0/7A	Mount Pleasant	LNP verloor 0 – 2
17 Augustus	0/7B	Mount Pleasant	LNP wen 4 – 1
17 Augustus	0/8A	Mount Pleasant	LNP wen 4 – 1
17 Augustus	0/8B	Mount Pleasant	LNP wen 8 – 2
17 Augustus	0/9A	Mount Pleasant	LNP wen 6 – 2
17 Augustus	0/9B	Mount Pleasant	LNP wen 5 – 3
17 Augustus	0/10A	Mount Pleasant	LNP wen 4 – 2
17 Augustus	0/10B	Mount Pleasant	LNP wen 8 – 2
17 Augustus	0/11A	Mount Pleasant	LNP wen 6 – 1
17 Augustus	0/11B	Mount Pleasant	LNP wen 6 – 1

17 Augustus	0/12A	Mount Pleasant	LNP verloor 4 – 11
17 Augustus	0/12B	Mount Pleasant	LNP wen 6 – 3
17 Augustus	0/13A	Mount Pleasant	LNP wen 19 – 5
17 Augustus	0/13B	Mount Pleasant	LNP wen 10 – 6

MOUNT PLEASANT SPORTDAG : TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
16 Augustus	Senior	Mount Pleasant	LNP wen met 22 potte

NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
19 Augustus	0/12B	Greenwood A	LNP verloor 1 – 2
19 Augustus	0/13B	Greenwood A	LNP wen 6 – 4
22 Augustus	0/9C	Piet Retief A	LNP wen 6 – 0
22 Augustus	0/12C	Piet Retief A	LNP verloor 22 – 0
22 Augustus	0/13B	Piet Retief A	LNP verloor 6 – 4

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
20 Augustus	Senior A	Lorraine	LNP wen met 22 potte
20 Augustus	Senior B	Collegiate	LNP wen met 22 potte
20 Augustus	Senior C	Mount Pleasant	LNP wen met 2 potte
20 Augustus	Senior D	Blouwaterbaai B	LNP wen met 4 potte

OOS-KAAP GIMNASTIEKKOMPETISIE 2

Marissa Terblanche in graad 4M het op 17 Augustus aan die Oos-Kaap Gimnastiekkompetisie 2 deelgeneem waar sy die volgende in haar ouderdomsgroep (0/10) behaal het:

- Goud vir “Freedance”
- Silwer vir “Rope Routine”
- Goud vir “Clubs Routine”
- Silwer vir “Overall”

Baie geluk, Marissa!

Anina Visagie in graad 2A het aan dieselfde kompetisie deelgeneem en het soos volg presteer:

- Silwer vir “Freedance”
- Silwer vir “Hoops”
- Algeheel 2de in haar ouderdomsgroep 0/8

Baie geluk, Anina!

GIMNASTIEK : NASIONALE “GYM GAMES”

Janique Roets (Gr. 7O), Amber Claassen (Gr. 4S) en Marissa Terblanche (Gr. 4M) het Saterdag 17 Augustus aan die Oos-Kaap Gimnastiekkompetisie 2 deelgeneem waar al drie vir die Oos-Kaapspan verteenwoordig tydens die Nasionale Gym Games te Kaapstad in September gekies was. Baie geluk, julle!

GIMNASTIEK : OP-KLEURE

Avah Jonck in graad 3G het op 18 Augustus aan haar laaste Oos-Kaapse gimnastiekkompetisie deelgeneem waar sy ‘n goue medalje en 1ste plek sowel as haar OP-kleure verwerf het. Hierdie was haar 3de kompetisie vir die jaar en in al 3 het sy goud verower. Avah is ook geskies om die Oos-Kaap in September by die “SA Gym Games” te Kaapstad te verteenwoordig. Hartlik geluk met hierdie pragtige prestasies, Avah!

SOKKER

Aaron Nortier in graad 5D en Wian Floor in graad 5S wat vir Callies Highlanders speel, het Sondag, 18 Augustus, teen Bay City Pumas gespeel en 1 – 0 gewen en sodoende na die semi-finale wat volgende naweek plaasvind, deurgedring. Callies Highlanders beklee nou ‘n 4de posisie in die liga. Baie geluk, manne en sterkte vir die volgende rondte!

JUDO

Dentin Maritz in graad 3S het op 17 Augustus deur ‘n graderingproses vir Judo gegaan en hy het van geel belt na “2 Mon” oranje gegaan. Baie geluk, Dentin!